BYBELSTUDIE: HEBREËRS 2:1-4.

2:1-4 is 'n kort toepassing wat die skrywer skielik invoeg na hoofstuk 1. Vanaf vers 5 word weer verder oor Christus en die engele gepraat. Nou wil hy eers met die gemeente self praat. Want die wegdryfproses van die Hebreërgemeente het ongemerk begin. En dit is die groot gevaar: nie die roekelose oorgee aan sonde nie, maar die geleidelike wedryf. In vers 1-4 word die gemeente tot inkeer geroep. Hulle mag die kosbare evangelie van Jesus Christus nie ignoreer nie.

1. Vers 1 begin met "*om hierdie rede*". Waarheen verwys hierdie woorde?

   .....

   .....

2. Die woord *"wegdrywe"* is dieselfde as ''n swemmer wat in ''n stroom wegdrywe omdat hy nie waaksaam genoeg is nie. Die skrywer wil hê dat die gemeente dadelik aan die lewensboei van die evangelie vasgryp. Indien hulle dit nie doen nie, gaan dit te laat wees.
   2.1. Kan ons die evangelie mis en hoe?

   .....

   .....

   2.2. Wat moet ons doen dat dit nie gebeur nie?

   .....

   .....

3. Lees vers 2-4. Som hierdie gedeelte in jou eie woorde op.

   .....

   .....

   .....

4. Waarom is die Here se Woord vir ons bindend [Lees 2 Petrus 1:21].

   .....

   .....

5. LEES: Hand.7:38; Gal.3:19; Heb.2:2. Wat is die woord wat deur die engele gepraat is?

   .....

6. Kyk na die "wegdrywe" in vers 1 en die "ontkom" in vers 3. Daar is ''n direkte verband tussen die twee woorde. Kyk of julle dit kan vind.

   .....

.....

.....

7. Die woord saligheid in vers 3 dui op verlossing uit ‘'n noodtoestand (soos die verlossing uit die drie “esse”: sonde, stryd en swaarkry). Maar saligheid in Hebreërs is toekomsgerig en dui op verskillende uitdrukkings wat in Hebreërs gebruik word. Lees die volgende gedeeltes uit die Ou Vertaling en kyk of jy die saligheid van Hebreërs kan vind:

   2:5; 6:5:.....

   4:1; 9:15: 10:36; 11:13:.....

   4:1a, 3a, 9, 10:.....

   11:16:.....

8. In vers 3-4 word 3 redes gegee waarom die evangelie soveel vaster en sekerder is as die wet. Kyk of jy dit kan vind.

   .....

   .....

   .....

9. Wat leer Hoofstuk 2:1-4 ons oor:

   Jesus Christus?.....

   Ons as gemeente?.....

   Die Evangelie?.....

AANTEKENINGE: HEBREËRS 2:1-4.

1. Na die vorige verse van hoofstuk 1 (vers 13 en 14) maar ook na die hoofinhoud van hoofstuk 1. Die Seun is soveel heerliker as die engele. Om hierdie rede moet ons kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het (m.a.w.: aan die evangelie).
2. 2.1. Ons kan. Hebreërs wil juis verduidelik dat die groot gevaar nie die roekelose oorgee aan sonde is nie maar die geleidelike wegdryf. Ons gebedslewe vervlak; Ons ervaring van die Here se nabyheid vervaag; ons kerkbesoek word meer sporadies; ons vervreem van ons mede-Christene; ons onderdruk die lastige-stemmetjie al hoe makliker; ons bybellees word nagelaat; ens.
   2.2. Ons moet die evangelie weer vasgryp en die leer waardeer. Daar lê die ware antwoord vandag. Dit lê in die ongelooflike krag en blydskap van die ou-ou evangelie wat tog jonk bly. En sy soliede fondament? Jesus Christus alleen!
3. Die basiese gedagte van hierdie verse kan soos volg opgesom word: *as die woord van engele bindend was en ongehoorsaamheid daaraan gestraf is, hoeveel meer bindend is die woord van Jesus Christus dan nie, en hoeveel groter sal die straf nie wees as ons dit ignoreer nie.*
4. Omdat God self die Woord vir ons gegee het.
5. Dit was die wet van Moses. Destyds is geglo dat God die wet nie direk nie, maar deur bemiddeling van engele aan Israel gegee het.
6. Wegdrywe dui op die nóú van ons huidige lewe. Ontkom dui op dit wat eendag voor die regterstoel van God sal gebeur. Om nou weg te drywe hou die gevaar in dat ons dalk eendag nie sal ontkom aan God se oordeel nie. Dus: wat ons nou doen het ewigheidsgevolge!
7. 2:5; 6:5: die toekomstige wêreld.
   9:15b; 10:36; 11:13: die erfenis/beloftes wat ons gaan kry.
   4:1a, 3a, 9,10: rus en Sabbatsrus ingaan.
   11:16: die Vaderland wat wag.
8. Die Here het dit self aan ons verkondig.
   Diegene wat dit by die Here gehoor het, het dit oorvertel.
   God het verder getuig deur tekens en wonders.
9. Eie antwoord.

OPSOMMING: HEBREËRS 1:1-14.

Hoofstuk 13:22 is baie belangrik vir die regte verstaan van Hebreërs. Hebreërs is nie in die eerste plek ‘'n preek van vermaning nie, maar ‘'n aansporingswoord. In 13:22 noem die skrywer die preek: *woorde waarmee ek julle bemoedig het*. Getrou aan 'n goeie preek bly Hebreërs regdeur 'n tweesnydende swaard wat bemoedig en vermaan.

Hebreërs vermaan:

Moenie wegdryf nie [2:1];
Moenie afvallig raak nie [3:12; 6:6];
Moenie agterbly nie [4:1];
Moenie traag word nie [6:12];
Moenie julle geloofsvertroue verloor nie [10:35];
Luister na God se stem [12:25];
Hulle word weggevoer deur vreemde leringe [10:36; 12:1].

Hebreërs bemoedig:
Hulle moet vasgryp aan die evangelie [2:1];
Hulle moet mekaar elke dag aanspoor [3:13;10:24];
Hulle moet vashou aan hulle belydenis [4:14; 10:22];
Hulle moet bly hoop [3:6; 6:11,18; 10:23];
Hulle moet vasbyt [11:36; 12:1].
Die aanmoediging en oproep wat egter dieper weerklink as al die ander regdeur die Hebreërpreek is dit: *Julle moet noukeurig let op Jesus Christus* [3:1].
Die probleem van die gemeente was juis dat hulle teen swaarkry vasgekyk het en Jesus Christus uit die oog verloor het. Kyk weg van julle self en fokus op Jesus Christus – is die opdrag van Hebreërs.

HOOFSTUK 1:1-4.
In hierdie vier verse neem God die inisiatief: *In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat* [1:1]. Een van die *baie maniere* was deur sy skeppingswerke [vgl. Ps.19]. Hy het Homself egter ook deur drome bekend gemaak [Gen.28:12-15; 31:24; 37:5-11 ens.]. Die belangrikste was egter God se *openbaringswoorde* deur sy profete. Die woord profete [1:1] moet hier wyd verstaan word. Dit dui nie net hier op die gewone profete van die Ou Testament nie, maar op almal deur wie se lewe God met Israel gepraat het.
Die *laaste dae* in vers 2 is ‘'n baie spesiale uitdrukking. Dit dui die Messiaanse tyd aan wat duur vanaf Jesus se eerste koms tot sy wederkoms. Dit staan teenoor die “ou-tyd” – die tyd van die ou verbond.
Hy het met ons *gepraat* deur die Seun [2]. Hierdie is die hoogtepunt. Teenoor die tastende en gedeeltelike spreke van die profete, het God op ‘'n wonderlike wyse met ons gepraat deur Jesus Christus. Sy gesprek deur Jesus is soveel voller en heerliker as deur die profete.
In vers 2-4 verander alles. Nou val die volle fokus op Jesus Christus self. Sy grootheid en mag en heerlikheid word nou vir ons uiteengesit. Agt besondere kenmerke van die Seun word verklaar.

1. **Jesus is skepper [2].** Alles het deur Hom tot stand gekom. Die Griekse woord vir wêreld [2], dui die ganse heelal aan.
2. **Jesus is erfgenaam [2].** Hy het reeds die voortreflike Naam [1:4] van God geërf, maar eendag sal Hy alles finaal erf.
3. **Uit Hom straal die heerlikheid van God [3].** Straal Jesus se heerlikheid van God uit soos die son sy lig uitstraal, of weerkaats Hy God se heerlikheid soos die maan die lig van die son? Volgens bv. Johannes 1:14 lyk dit na laasgenoemde.
4. **Jesus is God se ewebeeld [3].** Jesus Christus is ‘'n presiese replika van God se wese. Daarom kon Hy heel tereg sê: *Wie My sien, sien die Vader* [Joh.14:9; vgl. Kol.1:15; 2:9].
5. **Jesus is onderhouer van die skepping [3].** Hy was nie net direk betrokke by die skepping nie. Hy hou ook die heelal in stand [vgl. Kol.1:17].

6. **Hy bewerk die reiniging van ons sondes [3] [Ons Hoëpriester].** Hebreërs se beelde kom uit die offerdiens van die Ou Testament. Die wonderlike boodskap van Hebreërs is dat Jesus se offer ons nie net volmaak voor God reinig nie [2Pet.1:9; 1Joh.1:7,9], maar ons ook van binne skoonmaak.
7. **Jesus is ook Hemelkoning [3].** Psalm 110:1 vorm die agtergrond van hierdie uitspraak. *Sit aan die regterhand* is baie ryk aan betekenis. Dit beteken dat die almagtige God wat op die hemeltroon sit, aan Jesus die sitplek aan sy *regterhand*, d.w.s. die plek van eer en mag naas Hom op die troon, toegeken het. Sedert sy hemelvaart regeer Jesus dus naas en namens God.
8. **Jesus oortref die engele [4].** Nou word Jesus met die engele vergelyk. Hy is ver bo hulle verhewe en magtiger as al die engele.

HEBREËRS 1:5-14.

In hierdie gedeelte word uit die Ou Testament bewys dat Jesus groter is as die engele. Die teksgedeeltes wat as bewys aangehaal word, is die volgende:

Psalm 2:7	Geen engel is ooit Seun van God genoem nie.
Psalm 103:20	Engele is belangrik, maar hulle is net dienaars.
Psalm 45:6	Christus regeer vir ewig.
Psalm 102:25	Christus het alles tot stand gebring.
Psalm 110:1	Net Christus sit aan die regterhand van God.

Teenoor die engele as dienaars, word Christus nou as Hemelkoning aangetoon. Maar wat vanaf vers 5 volg is baie besonders. Die volle aandag val nou op die kroningsfees van Christus se troonbestyging.

1:5:
Hier vind ons die amptelike aankondiging van Christus se troonbestyging.
1:6-12:
Jesus Christus word as nuwe Koning voorgestel.
1:13-14:
Jesus Christus se troonbestyging.

Onder 1:6-12:
Jesus word as Koning voorgestel.
Wie is Hy?
Hy is die EERSGEBORENE!

Dit het dieselfde betekenis as Seun.
Tog meer.
Beteken nou ook dat daar nog Broers bykom [in Heb.2:11-18 is die gelowiges God se *ander kinders* en Jesus se *broers*.

Die *inbring in die wêreld [6]* beteken nie ons wêreld nie.
Dit beteken: die wêreld daar bo;
die tuiste van God en die engele;

Ses belangrike dinge word aangaande Christus geleer:
Hy is Koning [Hiervan getuig die troon en Koninklike septer [8] asook die salwing [9]];
Hy is ‘'n *Goddelike* Koning [8-9];
Hy handhaaf die reg [8-9];
Hy is Here – gelyk aan God self [10];

Hy is Skepper [10; vgl. V2];
Hy is blywend en onveranderlik [10-12].

1:13-14:
Hierdie is die laaste bedryf van Jesus se troonbestyging. Die klem van op Jesus Christus as soewereine Koning teenoor die engele as blote diensknegte.

****